## Les 1. God het ons regtig lief en ons het Hom lief en dis nie speel-speel liefde nie.

### 1.Inleiding.

Hierdie jaar gaan ons kyk hoe is ons regtig die Here se kinders. Daar is ’n groot verskil tussen regtig en speel-speel.

Speel-speel is soos wanneer kinders huis-huis speel. Dan speel kinders party is pa en ma en ander is kinders, maar alles is net speel-speel. Die pa is speel-speel pa, nie regtig nie. Die ma is speel-speel ma, nie regtig nie. Die kinders in hierdie speel-speel is ook speel-speel kinders nie regtig kinders nie.

Om speel-speel pa, ma en kinders te wees, is heeltemal iets anders om regtig pa, ma en kinders te wees.

Hierdie jaar gaan ons saam na twee dinge in die Bybel kyk:

1.Hoe is ons regtig kinders van die Here en die Here regtig die Here.

2.Hoe is mense speel-speel kinders van die Here en die Here net speel-speel God.

### 2.Altwee hierdie sake, regtig en speel-speel is regtig in die Bybel.

Kom ons lees een vers uit die Bybel saam 1 Johannes hoofstuk 4 vers 19:

“19Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”

Hierdie vers wys ons God het ons regtig lief en ons het God regtig lief. Dit is regtig regte liefde.

Kom ons kyk na ’n ander vers in die Bybel: Jeremia 2 vers 27.

“27Dit is hulle wat vir ’n stuk hout sê: “My Vader,” en vir ’n klip: “U het my in die wêreld gebring.” Na My toe het hulle-hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig.”

Hierdie vers wys God en mense se speel-speel liefde vir mekaar.

Kan julle die verskil sien?

In die een het God ons regtig lief en ons het God regtig lief. Dit is die vers in 1 Johannes. In die die ander egter in Jeremia sê mense vir hout en klip: Jy is my God wat my gemaak het.”

Wanneer jy vir ’n stuk hout of vir ’n klip sê: Jy is my God wat my gemaak het, is dit regtig só of is dit sommer speel-speel?

Hout en klippe het ons nie gemaak nie. Só! Wanneer jy dan sê: hout en klip is God wat my gemaak het, dan is dit nie regtig nie. Dit is speel-speel.

Die Bybel wil vir ons leer wat is die verskil tussen regte liefde tussen God en mens en speel-speel liefde tussen God en mens.

3.**Mense wil liefde speel terwyl die Here ons regtig lief het.**

Kom ons kyk nou na ’n ander vers in die brief van die apostel Johannes 1 Joh. 4 vers 10:

“10Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.”

Hierdie vers praat van werklike liefde. Hierdie woord “werklik” beteken regtig en reg. Dit is regte liefde wat regtig is.

Kyk nou wat sê die Bybel: werklike liefde is die liefde wat God vir ons het. God het ons regtig reg lief.

Wa sê die vers egter? Het mense ook God regtig reg lief? Nee. Die vers wys dat mense God nie regtig reg wil lief hê nie.

Nou hoe wil mense gewoonlik vir God lief hê?

Die antwoord is: speel-speel. Mense wil God speel-speel liefhê, maar God speel nie saam met hierdie speel-speel liefde nie.

God gee nie speel-speel liefde nie en God wil ook nie speel-speel lief hê nie. God het ons regtig lief en sy liefde is regtig regte liefde en God maak dat ons Hom ook regtig liefhet. Nie speel-speel nie.

**4.Mense wil troetel-liefde hê nie regte liefde nie.**

Wat is hierdie wat ek hier in my hand vashou?

Dit is ’n Teddiebeer!

’n Teddiebeer is nie ’n regte beer nie. ’n Regte beer is ’n groot en gevaarlike dier wat in die bosse in Amerika en Europa bly. ’n Teddiebeer is ’n speel-speel beer wat van lekker sagte materiaal gemaak is.

Wat maak ’n mens met ’n teddiebeer?

Jy hou hom vas teen jou; gaan slaap met hom in jou arms en jy kan enige tyd van die dag hom ’n drukkie gee of hom eenkant los as jy nie meer lus is om met hom te speel nie.

Wat voel ’n mens as jy so ’n teddiebeer vas teen jou druk? Jy voel lekker sagte teddiebeer liefde!

Hierdie liefde het 'n spesiale naam. Ons noem dit troetel liefde. Troetel liefde is speel-speel liefde want jy voel lekker as jy die beertjie druk maar dit is nie 'n regte beer nie.

Is mense wat lief is vir teddiebere lief vir regte bere?

Om 'n regte beer lief te hê is baie harde werk. Jy moet vir hom 'n groot wildtuin maak waarin hy kan rondloop waar hy wil; jy moet sorg dat hy veilig is en mense hom nie gaan skiet nie; jy moet sorg dat daar genoeg kos is vir hom.

Jy kan hom ook nooit 'n drukkie gee, saam met hom in die bed gaan slaap of met hom speel nie.

Dit is regte liefde vir regte bere: om vir hom te sorg om 'n beer te kan wees wat vry is om 'n beer te wees.

Watter een is die een waarvan mense die meeste hou: teddiebeer liefde of regte liefde vir 'n regte beer?

Dit is teddiebeer liefde. Troetelliefde wat nie regte liefde is nie. Regte liefde is baie harde werk en regtig gedoen moet word en nie net gewens of verbeel kan word nie.

**5.Speel-speel liefde of regtig liefde tussen God en mens.**

Mense maak met God ook só!

Hulle soek nie regte liefde nie want hierdie liefde is te veel harde werk. Hulle soek speel-speel liefde wat sommer net in jou verbeelding is of sommer net wense is.

Watter een is die lekkerste: om huis-huis te speel of om regtig in 'n huis saam met pa en ma te leef?

Speel-speel is die lekkerste want dit is sommer net speel.

Watter een is die beste?

As jy regtig honger is? Wil jy speel-speel liefde van jou ma hê of regte mamma liefde wat vir jou kos maak?

As jy regtig bang is? Wil jy speel-speel veilig voel of wil jy regte pappa-liefde hê wat jou regtig veilig maak?

As jy regtig skool toe moet gaan: Wil jy speel-speel liefde hê of regte ouer liefde wat sorg dat jy kan skool toe gaan met klere en boeke en vervoer?

Speel-speel is lekker om te speel maar regtig is beter as speel, want dit is regtig!

Daarom kan mense maklik maak of hout of klippe sommer God is, want dit is speel-speel! Hierdie speel-speel is 'n lekker speletjie, maar dit is nie regtig nie.

God maak en sorg vir ons regtig en het ons regtig lief en laat ons Hom ook regtig liefhê en dit is wat ons nodig het: liefde van God wat regtig is.

**6.Die hele jaar lank.**
Dit is wat ons hierdie jaar gaan doen uit die Bybel.

Ons gaan leer wat is speel-speel liefde tussen God en mense en wat is regtig regte liefde tussen God en mense.

God het ons regtig lief. Nie speel-speel nie.